[*Rol asb. af vir Afrikaans*]

FACULTY OF ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES

2021 Welcoming Programme for all registered first-year students

Given the current Covid-19 regulations, we shall unfortunately not be able to meet and welcome our students and parents face-to-face this year. Please watch the welcoming video of our Dean, prof IW Woolard: **https://youtu.be/nxEt3beHIJM**. The Faculty has invested heavily in developing the online EMS welcoming programme that you will be able to access AFTER you have successfully registered for your academic programme.

If you have trouble registering online for your academic programme, please contact one of the following staff at the Registrar's Office: Nazli Daniels [ndaniels@sun.ac.za], Jacquin Flandorp [jacquin@sun.ac.za], Demi Melton [demi@sun.ac.za] or Angelo McKerry [angelom@sun.ac.za]. They will be ready to assist you via e-mail with any registration-related queries.

Once your electronic academic registration has been done successfully, you will be able to access the entire **orientation programme for registered students** at this LINK. We urge all registered first-year students to work through all the online welcoming material before classes start on 15 March 2021. The online material contains a wealth of useful information and will orientate and help you to:

- access SU's internal computer-user platforms and systems,
- become familiar with SUNLearn, the student learning platform, where your study materials will be made available by lecturers and communicate with you,
- buy a personal laptop via their student account should you want to make use of this option,
- access timetables for your classes, etc.

Should you have problems accessing material via the link above or have difficulty understanding something (e.g. with your computer registration), please join us for a contact information session during one of the time slots in the TABLE* below. You can also ask a senior mentor in your residence

or cluster to assist you – they are all well informed and will be able to help you with any of the activities mentioned above.

If you have not yet accessed the "**onboarding programme for prospective students**" material (sent to all prospective students in February this year, and which is available at this LINK), we strongly recommend that you read it to ensure that you are well informed about the broader support structures of both the Faculty and the University.

Lastly, an information kiosk for general enquiries will be available to prospective students. It will be open from 09:00 to 12:00 every day of the week from 7 – 11 March 2021. If you prefer asking questions face-to-face, or want to meet one of our student committee members, please visit us at the kiosk in the open area between the Van Der Sterr and CGW Schumann Buildings.

-o0o-

***CONTACT INFORMATION SESSIONS**

(only for students who struggle to carry out the online activities described above)

Please attend the session that is assigned to your cluster. Remember that attendance numbers are restricted and that you may be asked to attend another session in the event that a session is oversubscribed.

Date	**Time**	**Venue**	**Cluster/Group**
Tuesday, 8 March 2021	09:00 – 10:30	Jan Mouton RGA ROOM 2010 / 2011	Amamaties
Tuesday, 8 March 2021	11:30 – 13:00		Wimbledon
Tuesday, 8 March 2021	14:00 – 15:30		Validus
Wednesday, 9 March 2021	09:00 – 10:30		VicMeyer
Wednesday, 9 March 2021	11:30 – 13:00		Rubix
Wednesday, 9 March 2021	14:00 – 15:30		Victoria

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2021 Verwelkomingsprogram vir alle geregistreerde eerstejaarstudente

In die lig van die huidige Covid-19-regulasies sal ons ongelukkig nie vanjaar ons studente en hul ouers van aangesig tot aangesig kan ontmoet en verwelkom nie. Kyk gerus na ons dekaan, prof IW Woolard, se verwelkomingsvideo: **https://youtu.be/nxEt3beHIJM**. Die Fakulteit het derhalwe uit sy pad gegaan om 'n aanlyn EBW-verwelkomingsprogram te ontwikkel.

Eers nadat jy suksesvol vir jou akademiese program geregistreer het, sal jy toegang hê tot dié program. Indien jy probleme ondervind om aanlyn vir jou akademiese program te registreer, kontak asb. een van die volgende personeel by die Registrateurskantoor: Nazli Daniels [ndaniels@sun.ac.za], Jacquin Flandorp [jacquin@sun.ac.za], Demi Melton [demi@sun.ac.za] of Angelo McKerry [angelom@sun.ac.za]. Hulle sal jou graag per e-pos met enige registrasieverwante navrae help.

Sodra jou akademiese registrasie elektronies suksesvol voltooi is, sal jy toegang hê tot die volledige **oriëntasieprogram vir geregistreerde studente** by hierdie SKAKEL. Ons moedig alle geregistreerde eerstejaarstudente aan om al die aanlyn verwelkomingsmateriaal te bestudeer voordat die klasse op 15 Maart 2021 begin.

Die aanlyn materiaal bevat 'n magdom nuttige inligting en sal jou onder meer oriënteer en help om:

- toegang te verkry tot US se interne rekenaargebruikersplatform en -stelsels,
- kennis te maak met SUNLearn, die leerplatform vir studente waar studiemateriaal beskikbaar gemaak word en wat deur dosente gebruik word om met studente te kommunikeer,
- om 'n persoonlike skootrekenaar via hul studenterekening aan te koop mits hul hierdie opsie wil oorweeg,
- toegang te verkry tot klasroosters,
- dele van die kampus virtueel te besoek, ens.

Indien jy sukkel om materiaal via die skakel hierbo te vind of te verstaan (bv. as jy sukkel om jou persoonlike rekenaarregistrasie te doen), woon gerus 'n kontak- inligtingsessie gedurende een van die tydgleuwe op die TABEL* hier onder by. Jy kan ook 'n senior mentor in jou koshuis of kluster vra om jou te help – hulle is goed ingelig en sal in staat wees om jou met enige van die bogenoemde aktiwiteite by te staan.

Indien jy nog nie die inligting in die "**inskakelingsprogram vir voornemende studente**" (wat in Februarie vanjaar aan alle voornemende studente gestuur is) deurgegaan het nie, sal jy dit nog by hierdie SKAKEL kan vind. Ons raai jou ten sterkste aan om dit te lees en seker te maak dat jy goed ingelig is oor die ondersteuningstrukture van beide die Fakulteit en die Universiteit.

Laastens sal 'n inligtingskiosk beskikbaar wees vir algemene navrae deur voornemende studente. Dit sal elke weekdag van 09:00 tot 12:00 vanaf 8 tot 12 Maart 2021 oop wees. Indien jy dit verkies om vrae van aangesig tot aangesig te vra of indien jy graag een van ons studentekomiteelede wil ontmoet, kan jy ons by die kiosk in die oop area tussen die Van Der Sterr- en CGW Schumann-geboue besoek.

-o0o-

***KONTAK- INLIGTINGSESSIES**

(net vir studente wat probleme ondervind om die bogenoemde aanlyn aktiwiteite uit te voer)

Woon asb. die sessie by wat aan jou kluster toegeken is. Onthou dat bywoningsgetalle beperk word en dat jy gevra kan word om 'n ander sessie by te woon indien te veel studente by dieselfde sessie opdaag.

Datum	**Tyd**	**Plek**	**Kluster/Groep**
Dinsdag, 8 Maart 2021	09:00 – 10:30	Jan Mouton RGA KAMER 2010 / 2011	Amamaties
Dinsdag, 8 Maart 2021	11:30 – 13:00		Wimbledon
Dinsdag, 8 Maart 2021	14:00 – 15:30		Validus
Woensdag, 9 Maart 2021	09:00 – 10:30		VicMeyer
Woensdag, 9 Maart 2021	11:30 – 13:00		Rubix
Woensdag, 9 Maart 2021	14:00 – 15:30		Victoria